DAMES

Wat ons nie het nie, kry ons.

Wat ons nie kan kry nie, maak ons.

PROBEER

Tant Mita

se

Modewinkel

**LESSE** word gegee in die **HUISKUNSSKOOL**,
Ryneveldstraat, Stellenbosch,
*(Langs Gebrs. Darter)*
deur **SARAH DU TOIT**
in die volgende vakke: —
Leerwerk, Koekversiering, Blommemakery, Uitbrandwerk („Poker"), Reliëf, Goudsjabloonwerk („Gold-Stencilling"), Sjabloonwerk („Stencilling"), Silka-verfwerk, Pêrel-verfwerk, Pistonella-werk, Handwewery, Tapytmakery, Modellering in Barbola, Waswerkkuns, Tinwerk, Goudbrokadewerk, Sellulose-Koekbedekkings („Celluloid Cake-Covers"), Papierpottebakkery, Batikwerk, „Plusette"-werk, „Crayola"-werk, teen £1-5-0 per kwartaal per vak. Word meer as een vak geneem, is dit £1 per vak. Dubbele lesse word ook gegee aan persone wat gouer wil klaarmaak. Leerwerk en Koekversiering £1-5-0 per kwartaal of £3 vir hele kursus. Lesse word gegee gedurende die April-skoolvakansie.

**Jac. J. du Toit & Kie.**

Die studente kleremakers nooi u om die nuwe voorraad stoffasie te kom besigtig en u keuse te doen.

**Studente kleurbaadjies** kan u hier kry.

**Op hoek van Van Ryneveld- en Pleinstrate.**

**LOSIES**

Vir twee of drie mans-kosgangers. Eersteklas behandeling. Naby stasie. Doen aansoek by
**Mev. Zuidmeer, Weidenhofstraat, Stellenbosch.**

**DIE EIKE KAFEE**
*(Eienaar: van der Wes.)*

STUDENTE:

Kom na die Eike vir vars vrugte, sjokolade en tabak.

Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

Aan die
Studente
van die
Universiteit

Koop u *Boeke, Skryfbehoeftes, Musiek, Musiekinstrumente, ens., by die Firma*

**DARTER**

Die Grootste en Goedkoopste *Universiteitsboekhandelaars* in Stellenbosch.

*Let op die Adres:*

**Gebrs. Darter en Kie.**
Darters (Eins.) Bpk.
Pleinstraat, Stellenbosch.

DIE MATIE
Hoofredakteur: A.N.S.-Taksleier.
Redakteur: P. A. Theron.
Besigheidsbestuurder: S. P. Botha.

Deel II. 6 Maart 1942. No. 2.

## Volksverdeeldheid

Op die vooraand van ons vrywording is daar vandag één verskynsel in ons volkslewe wat alles oorskadu en in elke Afrikanerhart droefheid en verwarring skep: **terwyl hy die grootste krisis van sy geskiedenis deurmaak staan ons klein Boerevolk verskeurd en verdeeld.**

En dis ongelukkig ook waar dat menige Afrikaner — ja, selfs menige sogenaamde Afrikanerleier — in moedelose onbeholpenheid sy besware gemoed probeer verlig deur venyn te spuug op mede-Afrikaners. So 'n optrede verwyd nie alleen die reedsbestaande kloof tussen Afrikaner en Afrikaner nie, wat op sigself natuurlik reeds noodlottig is, maar dit vreet selfs aan die wortels van nasionale moraliteit.

'n Ligpunt in hierdie duisternis is die feit dat, terwyl die Afrikanerdom besig is om die skeidsmure tussen volksgenoot en volksgenoot te probeer afbreek, hy ook steeds meer bewus word van sy eenheid as organiese gemeenskap, en steeds duideliker tot die wortel van die kwaad deurdring.

Waaraan is dan ins huidige verdeeldheid te wyte? Die antwoord is duidelik: **aan die Britse Liberalisme, wat die Boerevolk na die infame Vrede van Vereeniging geërf het.**

Die liberalisme glo dat daar in die boesem van die volk dosyne — indien verlang — politieke partye sal bestaan, waarvan elkeen 'n gevestigde belang is vir wie die volk 'n ryke plunderveld verteenwoordig. 'n Partyman se naaste, sy medevolksgenoot, is sy bittere vyand, indien hy nie sy partygenoot is en offers bring aan die party nie.

Hierdie partye is of verteenwoordig nooit die volk nie. Inteendeel, hulle lewe parasities op die volk. Hulle verlam die volksliggaam en verdoem die volk tot ewige magteloosheid. Hulle maak hom 'n maklike prooi vir sy vyande, deur hom verdeeld en verskeurd te hou.

Die liberalisme is 'n produk wat die 20ste eeu van die 19e eeu geërf het. Tot so 'n mate het dit die lewe van volkere verwoes dat 'n reaksie ingetree het — 'n veelomvattende reaksie, wat die liberalisme in alle vertakkinge van die volkslewe wil uitroei en wil vervang deur die **solidarisme** (soos dit al in Suid-Afrika genoem is).

**Dit is die Rewolusie van die Twintigste Eeu wat ook in Suid-Afrika besig is om hom af te speel.**

Op staatsbestuurlike gebied dan het die politieke party te staan gekom teen die allesomvattende en verteenwoordigende volksbeweging. En hier is die grondslag van ons huidige verdeeldheid. Party-politici wat nie hul besondere gevestigde belang of politieke party in die volk wil oplos nie — om voor-die-hand-liggende redes — hits die volk aan om die waarborg vir sy eenheid en trotse onafhanklike voortbestaan, nl. **die volksbeweging**, te beveg. En 'n deel van die volk wat ongelukkig nie by magte is om die nuwe ontwikkelings in hul omvangrykheid te begryp nie, laat hulle deur hierdie valse profete aan die neus lei.

En daar het u die huidige volksverdeeldheid!

Dit is ons jong geslag, wat vry is van ou griewe en persoonlike wrokke en los van gevestigde belange staan, se voorreg, ja, ook plig, om nugter te ontleed en te handel. En as ons weet dat die verdeeldheid rampspoedig vir ons volk is, en dat die vernaamste oorsaak daarvan die liberalistiese partypolitiek is, en dat die redmiddel **volksorganisasie** is: dan is dit seer seker ons plig, nie alleen om ons saam met ons volk binne die volksbeweging te skaar nie, maar ook om met luide basuingeskal ons verdwaalde volksmakkers na ons te roep.

# DIE OORLOG

## II. —Die Verre Ooste

### Deur Prof. J. A. Wiid

*„De Waereldgeschiednis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

Die oorlog in die Verre Ooste, anders as in Rusland en Noord-Afrika, bly nog maar altyd uiters beweeglik. Die voortmars van die Japanners kan nog steeds nie gestuit word nie. Singapoer, die veel geroemde oninneembare Gibraltar van die Verre Ooste, saam met groot Britse strydmagte en waardevolle oorlogstuig, is in Japanese hande. Die een Nederlandse eiland na die ander word deur die Japanners ingeneem en selfs die ryke Java, die skitterendste juweel in die Hollandse koloniale ryk, is binnegeval. Sal Java se verdediging slaag waar Singapoer gefaal het? Dit lyk onwaarskynlik — want dan sou die bevelvoerende Britse generaal, Wavell, nie sy hoofkwartiere van Java na Indië verplaas het nie.

DIE SINKENDE SKIP.

Die vertrek van Wavell, wat in hierdie oorlog nogal dikwels van standplek verander het, sal menigeen onwillekeurig laat dink aan die spreekwoordelike rotte wat die sinkende skip verlaat. Dit lyk werklik nie dat daar in die Suidwestelike Stille Oseaan op die oomblik strydmagte saamgetrek kan word wat die Japanners kan stuit nie.

Vir die Anglo-Amerikaanse en Nederlandse magsposisie wat slegs enige gelede in hierdie deel van die wêreld so oorheersend sterk en onaantasbaar geskyn het, lyk die toestand op die oomblik byna hopeloos. Saam met die Westerling se prestige het strategies-belangrike steunpunte en onontbeerlike grondstowwe verlore gegaan. Die toekoms van die byna drie-en-'n-half eeue-oud Engelse en Hollandse koloniale ryke in die Verre Ooste lyk voorwaar nie rooskleurig nie.

JAPAN SE PLANNE.

„Wat is die volgende op die Japanse program?" is seker 'n vraag wat menigeen vandag stel. Daar is verskillende moontlikhede. Eerstens is dit moontlik dat die Japanners na Australië mag voortdring om hierdie Britse gebied of strategies-belangrike dele daarvan te verower of te neutraliseer voor dit as afspringplek vir versterkte Anglo-Amerikaanse strydmagte teen Japan kan dien. Sonder werklik-doeltreffende hulp sal dit vir Australië, met sy nog nie sewe miljoen inwoners verspreid oor 'n baie groot gebied en met baie van sy beste soldate in ander dele van die wêreld, voorwaar geen gemaklike taak wees om die Japanners die hoof te bied nie. Australiese stede het reeds kennis met Japanse bomme gemaak.

'n Tweede moontlikheid is dat die Japanners hul na die Indiese Oseaan sal wend. Die beheer oor hierdie oseaan, wat voor die val van Singapoer feitlik 'n soort van Britse „mare clausum" was, is van die allergrootste belang vir Brittanje. Deur hierdie oseaan loop die verkeer- en handelsroetes na die Middel-Ooste, Indië en Australië. Dit is hierdie oseaan wat die kuste van Indie, die rykste besitting van Brittanje, bepaal. Veral belangrik is hierdie oseaan vir Brittanje noudat die Middellandse see nie langer vir deurvaart beskikbaar is nie.

REAKSIE VAN OOSTERLINGE

As die Japanners hulle op hierdie oseaan waag dan kan die Britse leërs in Egipte en in die Middel-Ooste moontlik geïsoleer word, die noodsaaklike olie-toevoer uit Irak en Iran bedreig word, die verbinding met Rusland oor Iran en die Britse gesag in Indië in gevaar gebring word. En hoe gaan die Indiërs en ander Oosterlinge op Japanse oorwinning reageer? Sal hul miskien daardeur geimponeer word en die kreet aanhef „Asië vir die Asiate"? Of gaan die vrees vir Japan die Oosterse mensemassa's heeltemal in Anglo-Amerikaanse kamp jaag?

Daar mag nog 'n ander moontlike nommer op die Japanse program verskyn, en dit is oorlog teen Rusland, sodra die Siberiese Winter verby is. Die Russiese gebied om Wladiwostok is heelwat nader aan Japan as Londen aan Berlyn. Bomwerper-vliegtuie vanaf Russiese gebied kan dus dood en verwoesting oor die digbevolkte industriegebiede van Japan saai. Dit is veral moontlik dat Amerika van uit sy vooruitgeskowe basisse op die Aleoete-eilande en deur gebruikmaking van Russiese grondgebied, 'n poging sal aanwend om die Japanse metropolis op sy kwetsbaarste plekke te tref. Dit lyk nie onwaarskynlik nie dat Japan en sy gunstig geleë bondgenoot, Mansjoekoe, 'n poging sal aanwend om 'n potensiëele Russies-Amerikaanse gevaar van uit Asië te verwyder voor die vyand gereed is om te slaan.

In hoeverre Japan in staat sal wees om hierdie moontlike program uit te voer sal natuurlik van baie faktore afhanklik wees, faktore waaroor by hierdie geleentheid nie hoef uitgewei te word nie.

## Ons Buitelandse Rubriek

Dit is met groot genoeë dat *Die Matie* in hierdie uitgawe die tweede artikel uit die pen van prof. J. A. Wiid plaas, en terselfdertyd bekend maak dat ons die gereëlde medewerking van dr. Wiid vir hierdie rubriek geniet.

As professor in Geskiedenis en as iemand wat in die nabye verlede die geleentheid gehad het om eerstehandse kennis op te doen van toestande oorsee, is dr. Wiid seker die bekwaamste persoon wie se medewerking *Die Matie* op hierdie gebied kon verkry. Vir die eer wat hy ons blad aandoen en die groot diens wat hy veral aan ons studentegemeenskap bewys, wil ons dr. Wiid hiermee graag van harte bedank.

## GEN. HERTZOG SE BRIEF

*(Vervolg van bls. 1)*

ons dekadente demokratiese partystelsel en die volstrekte noodsaaklikheid van die instelling van 'n nuwe staatsordening waardeur die belange van die volk meer, en die van die party en partyleiers minder, dan wat vandag in ons demokratiese paradys die geval is, tot spesiale voorwerp van staatssorg en ywer sal gemaak word.

Geliewe so goed te wees om my waardering oor te dra aan u Redaksie met my innige dankbetuiging vir die eer my aangedoen.

Met hoogagting,
Die uwe,
J. B. M. Hertzog.

**ONTHOU INSKRYWING**
*bladsy 1 en 3.*

**Rook Springbok-Sigarette**

# Boodskap van A.N.S.-Hoofleier

## „Ons Glo Onomwonde aan Volksorganisasie”

Geagte Mede-A.N.S. lede,

Die jaar 1942 het begin met gebeurtenisse van wêreldbetekenis wat ook nog sy uitwerking in Suid-Afrika sal laat voel. Maar afgesien daarvan, verkeer ons volk vandag ook in 'n uiters tragiese toestand. Dit moet elke reggesinde Afrikaner pynlik aandoen dat die stryd vandag nie meer in hoofsaak teen die vyand gerig is nie, maar teen eie bloedbroers. Veral tref dit ook die studerende jeug wat vol ywer is om te veg vir die voortbestaan van sy volk, want hierdie verdeeldheid werk verlammend in op alle pogings. En omdat hierdie stryd teen ons eie bloedbroers gaan, is ons nie bereid om saam te veg nie.

**Alleenlik wanneer daar groot beginsels op die spel is, moet daar sonder aansien van persoon geveg word. Maar daarvoor is nodig dat ons ons presies op hoogte stel met wat werklik Afrikaans is en wat nie. Want ons is van oordeel dat hierdie verwarring onder ons volk grootliks toegeskryf kan word aan die vrede van Vereeniging.**

Want daardeur is ons volk van sy onafhanklikheid beroof, maar wat meer is is daar stelselmatig deur die vyande van ons volk gepoog om ons ook van ons eie wêreld- en lewensbeskouing te beroof. En tot 'n baie groot mate is daarin geslaag. Die lyn van Paul Kruger is afgebreek met die vrede van Vereeniging. Sedertdien was ons besig om ons siel te verloor. **Ons is reeds so deurdrenk van die Britse liberalisme dat ons baie dinge vandag reeds beskou as tipies Afrikaans wat in sy wese Brits imperialisties is.** In hierdie verband verwys ek u na die woorde van die Nederlandse staatsman, Groen van Prinsterer, wat deur Totius aangehaal is in sy lesing by die A.N.J. Kongres, getitel „Nuwe Vorme.” Dit lui as volg:—

„Annexatie is de geduchste ramp niet. Zelfs in de diepste vernedering, zelfs in het ingelyfd zijn (nl. in 'n wêreldryk), kan een zegen liggen in de voorbereiding van een beter toekomst...... Neen, de ergste volksramp is het niet wanneer onder de strenge tuchtroede van den vreemdeling, door verdrukking zelve, een nationale wedergeboorte voorbereid wordt. Dit is het ergste, wanneer een natie, die in de wereldgeschiedenis een toonbeeld der zegeningen Gods op de belydenis van het Evangelie geweest is, door eigen ontzenuwing verbastert; wanneer ze, in de onnationale zelfmoord pleegt en, eer ze het vonnis ondergaat, het levensrecht verbeurt.”

Was dit dat ons maar alleen geannekseer was in 1902, dan was dit nie die ergste nie. Maar ons het self gaan meedoen aan die ontaardingsproses, en u sal vandag toestem dat die verwarring onder ons volk reeds tot 'n groot mate 'n proses is van „eigen ontzenuwing.”

Aan hierdie proses mag die A.N.S. nie meedoen nie, veral waar die A.N.S.-lede in die toekoms leiding moet gee en neem in ons volkslewe. Ons wil weer teruggryp na die lyn van Paul Kruger met die nodige aanpassing by die huidige omstandighede.

Dit het die A.N.S. reeds gedoen deur die publikasie van ons Vryheidsmanifes en deur die verklaring in Wapenskou in Nov. 1941. Soos die **A.N.S. die vlag van Paul Kruger in ere herstel het, so moet die A.N.S. nou weer sonder aansien van die persoon hom beywer vir die heraanneming van die lewens- en wêreldbeskouing van Kruger, en om sodoende die kanker van die Britse liberalisme uit die volk uit te roei.**

Ons taak is dus studie en nogmaals studie. U moet uself deeglik onderlê in die beginsels van Christelike-Nasionalisme en wanneer u dit opgedoen het, moet u uitgaan in die volkslewe en die volk voorlig in hierdie opsig. Dit is die arbeid op die lang termyn, want alleen daardeur sal ons hierdie vergif kan uitsuiwer.

Wat die huidige verwarring betref handhaaf die A.N.S. nog sy standpunt soos reeds bekend gemaak in die Wapenskou van Nov. 1941. **Ons glo nog onomwonde aan die volksorganisasie, en daarom gaan die volgende Kongres oor die onderwerp gehou word. Ons wil nie meedoen aan die getwis nie, maar wil alles in ons vermoë doen om alles wat Afrikaans is te steun en uit te bou.**

Wat die taak betref aan u Universiteit of Kollege self, bring dit mee dat die A.N.S. sy eie terrein sal behartig, en dit is die studentelewe van Suid-Afrika. Ook hier is ons verbaster, en kan ons in meeste gevalle geen suiwer Afrikaanse studentelewe toon nie. Daarom moet die A.N.S. uitgebou word tot die organisasie wat al die behoeftes wat die volkslewe betref, vir die studente sal bevredig. Want die A.N.S. moet uiteindelik ingeskakel word by die volksorganisasie en om dit te kan wees, moet die A.N.S. dus in die praktyk toon dat dit daardie plek kan vervul. Dus

(a) Handhaaf wat reeds bereik is.
(b) Laat die A.N.S. die vrye tyd van die student beheer deurmiddel van volksspele, jukskei en die sport en filmaktiwiteite.
(c) Kweek by die A.N.S.-lid aan liefde vir sy bodem en liefde vir arbeid deur landdiens.
(d) Dra sorg dat die studentelewe 'n tipiese Afrikaanse atmosfeer adem.
(e) Maak 'n deeglike studie van die gedagte van volksbeweging.

Daar is genoeg arbeid. Dit is nie nodig om 'n beroep op u te doen nie, want u leuse is „Nasiediens en Nasieliefde.” Laat u nasieliefde gekristalliseer word in nasiediens!

J. Postma.
Uniale Leier.

Potchefstroom,
19 Feb. 1942.

## Christen-Studente-Klub

Op Stellenbosch is die behoefte lank reeds gevoel aan een of ander klub waar die studente op 'n natuurlike wyse met mekaar kan verkeer. Om ongewenste invloede te vermy het die C.S.V. reeds meer as 'n jaar gelede besluit om in hierdie rigting te werk. Die C.S.V.-gebou skep 'n pragtige geleentheid hiervoor, en dus is 'n komitee verlede jaar aangestel om aanvoorwerk in hierdie verband te doen.

Daar is reeds baie gepraat, en die klubbestuur vir vanjaar het tot die oortuiging gekom dat daar reeds genoegsame voorbereidsels getref is, en dat die tyd nou ryp is om so 'n klub te stig. Om die woorde van die voorsitter te gebruik: „Ek weet nie julle nie, maar wat my betref kan ons die klub nou maar stig.” 'n Stigtingsvergadering sal dus gehou word op Woensdagaand, 18 Maart om 8 uur in die C.S.V.-saal.

Hoewel die klub oorspronklik 'n idee van die C.S.V. is, is dit ook toeganklik vir nie-C.S.V.-lede; aansoeke om lidmaatskap sal egter deur die klubbestuur gekeur word.

Volle besonderhede sal by die stigtingsvergadering verstrek word.

SONDAGAAND.

Belangstellendes kan egter reeds eerskomende Sondagaand (na Kerk) na die klubgedeelte van die C.S.V.-gebou kom, waar geleenthede geskep sal word dat hulle die aand kan geniet.

## Inskrywing

Die volgende persone is aangestel om inskrywings vir die A.N.S. en die O.B. te ontvang. (N.B.: sien bls. 1):—

**D. Werth, Dagbreek, Seksie 2, kamer 3.**
**G. I. van Rooyen, Dagbreek, Seksie 5, kamer 27.**
**S. Eyssen, Dagbreek, Seksie 11, kamer 91.**
**Jan Vosloo, Wilgenhof, kamer 12.**
**Mej. Elise Dürr, Sonop.**
**Mej. Sarie Scheepers, Huis-de-Villiers.**
**Mej. Heléne Theron, Monica.**
**Mej. Hester du Toit, Rozenhof.**
**Mej. M. Nel, Greylock.**
**Steven Joubert, p/a Dr. W. A. Joubert, Mostertsdrif.**
**Christie Slabbert, Protea.**
**Martin Fourie, Skuilhoek.**
**Mej. Jeannette Hofmeyr, Merrimanlaan.**
**Andries du Plessis, Dorpstraat 68.**
**Jan D. Louw, h/v Van Riebeek- en Coetzenburgweg.**

## Kunswedstryd

I.v.m. die jaarlikse Kunswedstryd van die Stellenbosch-Skakelkomitee kan informasie verkry word en inskrywings gedoen word by die volgende persone:—

P. O. le Roux, Dagbreek.
Lieb Loots, Wilgenhof.
Mej. Elize Dürr, Sonop.
Mej. Elsabe de Waal, Huis-ten-bosch.
Mej. Noelle Grobbelaar, Huis-de-villiers.
Mej. Marie Loening, Harmonie.
Mej. Magriet Burger, Monica.
Mej. Haumann, MacDonaldhuis.
Mej. Crena Eksteen, Crozierhuis.
Mej. Cecilia de Klerk, Greylock.
Mej. Lyn Albertyn, Rozenhof.
Privaat: R. Müller.


**Van derStel Bottelstoor**
**Andringastraat**
**STELLENBOSCH**
(Foon 94.)
Wyn, Brandewyn en Bier altyd beskikbaar.
Onthou groot voorrade koeldranke altyd op hande.
N.B.—Bel Koos Tredouw vir u volgende Partytjie.

**PLAZA**
(Foon 0013.)
Maand. 2, Dins. 3 en Woensd. 4 Maart.
DICK POWELL
ELLEN DREW
In Paramount se Romanse:
**“Christmas in July”**
Dond. 5, Vryd. 6 en Sat. 7 Maart.
JOAN CRAWFORD
MELVYN DOUGLAS
In die mees sensasionele melodrama sedert die emosionele verrassing „Escape”
**“A Woman's Face”**

*Studente!*
Wees ekonomies en gaan versigtig te werk.
Laat
**J. B. COETZEE**
u volgende pak klere of kleurbaadjie maak.
AGENT VIR NANNUČCI DROOG SKOONMAKERS.
*Andringastraat.*

**W. HENDRIKZ,**
GESERTIFISEERDE ELEKTRIESE KONTRAKTEUR.
**Foon 95.**
*Agent vir Philips Radio-Toestelle, Frigidaire Yskaste en Moffat-Stowe.*
Vir u volgende elektriese benodighede, reparasies en installasies, besoek
**W. HENDRIKZ,**
BARCLAYS BANK-GEBOU,
STELLENBOSCH,
vir die beste behandeling en billikste pryse.

**Maties!**
Daar is baie plekke waar u kon koop, maar die plek vir die beste waarde, vir die laagste pryse is
**C. G. Maree**
MANSUITRUSTING.
Agent vir Consulate Hemde en Embassy Klere.
13—15, BIRDSTRAAT.

**Welkom!**
Hartlik welkom, dames en here studente, by die
**SUIKERBOSSIE**
en die Universiteit van Stellenbosch. Lank mag julle lewe om 'n lekker koppie koffie saam met julle vriende te kan geniet by
DIE HOOFKWARTIER VAN GESONDHEID.

*Welkom Maties!*
**Gebrs. De Wet**
(EIENS) BPK.
ALGEMENE HANDELAARS, SPORT-UITRUSTERS EN PRAKTIESE SNYERS
met 'n bestaan van byna 50 jaar.
Ons sorg vir al u benodighede. Ons waarborg 20/- in die £ se waarde met goeie behandeling en volkome tevredenheid.
*Onthou die Ou Adres:*
**Gebrs. De Wet (Eiens.) Bpk.**
h/v Kerk- en Birdstraat,
STELLENBOSCH.
Posbus 21. Foon 20.

**Rook Springbok-Sigarette**

## *C.S.V.-Boekhandel se Moeilikhede Vir Nuwe Jaar*

Die C.S.V.-Boekhandel het ten spyte van moeilike omstandighede wat weens die huidige oorlog heers tog daarin geslaag om die grootste gedeelte van die voorgeskrewe boeke vir hierdie jaar in te kry. Heelwat Engelse boeke is egter in herdruk of selfs uit druk weens die vernietiging van 'n paar van die Engelse uitgawes. Sommige boeke het nog nie ingekom nie, maar alhoewel hulle die boeke al meer as sewe maande gelede bestel het, verwag hulle dat dit nog sal inkom.

Hulle voorraad skryfbehoeftes is groter as enige vorige jaar. Ook Zoölogiese apparaat, tekenplanke, tekenhake, ens. het hulle in voldoende voorraad.

Dit is die moeite werd om hierdie jaar se „Lys van voorgeskrewe Boeke" van die Boekhandel te sien; voorop het dit 'n gekleurde afdruk van die nuwe Universiteitswapen en binne-in foto's van die C.S.V.-Hoofgebou.

## Monstervergadering

**Monstervergadering vanmiddag (Vrydag) om 3.30 in die Rec.**

**Agenda. — Voorsittersverslag.**
**Tesouriersverslag.**
**Kiesing van Ouditeur.**
**Nominasies vir S.V.R.-verkiesing.**

### Uit die Vryheidsmanifes van die A.N.S.

**10. Die Staat sal sorg dat die verdeling van die nasionale inkome tussen (a) besigheidsgroepe, (b) verdienende en (c) beleggende groepe sal plaasvind sonder die uitbuiting van enige groep.**

**Stadler en Ko.,**
**(Eiens Bpk.)**

**DORPSTRAAT.**

**Die Winkel vir Diens en Kwaliteit — met 'n glimlag.**

**Kruideniersware — Ysterware Breekgoed en Skryfbehoefte.**

**Pyrex en Geslypte Glas.**

**Agente vir OLIVER PLOEË.**

# DAMESDOOP SKANDAAL

## Vroulike Fynheid op Soek

**Andermaal is dames wat as nuwelinge na Stellenbosch kom om opgeneem te word in ons akademiese atmosfeer besig om die strate te betree met uitspattige drag wat nie alleen 'n uiters ongunstige indruk maak nie, maar ook lynreg indruis teen die gees van die doopreëls. Hierdie toestand van sake is niks minder as 'n skreiende skande nie.**

Enkele jare gelede is daar protes aangeteken teen sekere dinge aangaande die doop. Soos altyd is daar geskop en geredekawel, maar die besef dat sake 'n wending moes neem het geseëvier, en 'n stel nuwe reels is opgetrek as teëwig vir 'n saak wat besig was om te ontaard.

Een van die weinige bepalinge wat die algemene goedkeuring weggedra het was aangaande die drag van dames tydens die dooptyd.

Op die oomblik is dames alweer besig om hierdie reel te oortree, op uiters uitspattige wyse. Nuweling-dames met handdoeke om hul kop en leie voor hul bors of komberse oor hul arms is nie snaaks om na te kyk nie. Die feit dat doopkomitees hierdie dinge laat plaasvind is slegs 'n teken van uiterste onoorspronklikheid, en wanneer mense nie op 'n suksesvolle wyse kan skerts nie kan dit nie anders gesien word as die uitvloeisel van geestelike degenerasie of intellektuele armblankedom nie.

### BESPOTTING

En 'n onskuldige vertoning van minderwaardigheid is nog nie so erg dat dit mense na die pen laat gryp nie, maar wanneer die situasie duidelik skokkend word kan dit nie nagelaat word nie. Dit is 'n feit dat kleurlinge alreeds openlik die jonge dames begin uitlag ,en sover gaan om aanmerkings te maak wat hulle nie altyd by die drag alleen bepaal nie. Daarby is twee dames met komberse oor die arms na Dagbreek gestuur om „proposals" te vra. Selfs die onskuldige Dagbrekers moes iets meer as gesonde skerts hierin opmerk. **En wanneer die eer van nuweling-dames in die openbaar aangetas word deur toedoen van die seniors moet ons protesteer.**

Stellenbosch is al lank besig om te ontaard in 'n register vir ongeskikte grappe. En as hierdie dinge praktiese vorm moet aanneem in die openbaar en voor kleurlinge kan ons nie anders as om die dames-doopkomitees toe te roep: **SKAAM JULLE!**

**Van der Stel Fietswerke**

***(Eienaar: PAUL ACKERMAN)***

*Studente!*

Ondersteun jul ou Fietsdokter.

***Alle werk gewaarborg.***

## *Bofbal*

### 'n Geslaagde Toer

Mnr. Theo Wink, toerkaptein van die Bofbalspan, is danig in sy noppies na afloop van die onlangse bofbaltoer . Die wedstryd teen 'n gekombineerde span van Worcester het uitstekende spel opgelewer en die Maties het die veld verlaat as oorwinnaars, 24—2. Die volgende middag is 'n vertoonwedstryd gespeel met die doel om die spel by die skoolkinders aan te wakker.

Op P.E., teen die Oostelike Provinsie het die Maties weereens die botoon gevoer en met sprankelende spel voor die dag gekom. Die uitslag was 7—5 in Stellenbosch se guns. Selfs die spelers van die Oostelike Provinsie was verbaas oor die wennende spel wat die Maties gespeel het. Uitblinkers was Theron, H. de Villiers, T. Steyn en T. Wink. Die klub het groot planne vir die toekoms en is van plan om 'n toer na Transvaal te reël in September.

Die vooruitsigte vir die Bofbal Intervarsity oor drie weke is besonder rooskleurig en met ou staatmakers soos Piere de Wet behoort die Maties weer hul sukses van verlede jaar te handhaaf.

'n Hele aantal nuwelinge het hul reeds aangemeld vir die spel en met die groeiende ledetal wil die klub vanjaar vyf spanne in die veld stoot. Volgens mnr. Wink het die klub 'n groot toekoms.

### MULLER en MAARTENS PRESTEER

*Die Matie* wil graag vir Christof Muller en Daan Maartens gelukwens met die prestasie wat hulle behaal het deur die finale van die mansdubbelspel in die onlangs-gehoue W.P.-Kampioenskappe te bereik. In die finaal moes hierdie uithaler Matie-paar die onderspit delf teen so 'n sterk paar soos Alan Milne en Pat Hughes.

Sover ons weet is dit die eerste keer sedert 1897 dat Matie-tennisspelers aan die eindronde in 'n kampioenskap van die W.P. deelneem. In daardie jaar het Andrew Rowan en J. M. Hofmeyr die kampioenskap van die W.P. gebuit.

### LANDSDIENS

Die Redakteur,
Die Matie.

Waarde Heer,

Met belangstelling het ek in verlede week se „Matie" verneem van die landsdiensplan van A.N.S. vir hierdie jaar.

Lank reeds het ek gevoel dat die Suid-Afrikaanse student in die algemeen nog nie die waarde en noodsaaklikheid van hande-werk besef nie.

Ek wil geen betoog hou oor die waarde van landsdiens nie, ek wil alleen 'n praktiese voorbeeldjie aanhaal. By die begin van die afgelope vakansie het ses van ons 2 weke op 'n plaas in die Robertson-distrik gaan werk.

Ons het nie onder beskerming van een of ander liggaam gegaan nie, en die poging was maar klein, maar die idee is groot. Die gees wat daar geheers het, het nog meer onder die besef gebring dat ons as Afrikaners nie bymekaar gebring sal word deur toesprake en kongresse nie, maar dat ons eers 'n basis moet kry waarop ons kan saamwerk; dat ons eers iets moet kry om saam te doen. En hier het ons daardie geleentheid, en van daardie kanse is daar baie in ons land, en vir ons, veral op Stellenbosch.

Laat ons eers saamwerk en dan sal ons saamvoel.

Dankie.

Die uwe,
Gerjo v. d. Merwe.

Dagbreek.

## *Krieket*

### Vooruitsigte nie Rooskleurig

'n Onderhoud met die krieketkaptein, mnr. Reinald Hofmeyr, het aan die lig gebring dat die krieket klub gevoelig getref is deur die vertrek van Jim McDermid (vise-kapt.), Klaas du Bois, die staatmaker en veteraan van 1935, sowel as mnr. Vat Morkel en J. Theron, die kranige linkerhand bouler van die klub.

Nuwe talent is blykbaar maar skraal dog veel word verwag van Krone wat verlede jaar diens gedoen het in H.J.S., Rondebosch se elftal. Nog 'n nuweling , Horn, sal moontlik aanspraak maak op insluiting in die Eerstespan.

Volgens mnr. Hofmeyr word die klub ook indirek getref deur die rantsoenering van petrol deurdat besoekende spanne nou verhinder word om per motorkar hier te kom speel. Wedstryde teen Wellington, Van der Stel, Somerset-Wes en 'n ander span van Stellenbosch is reeds in die vooruitsig gestel.

**DIE**
**STELLENBOSSE**
**STOOMWASSERY**

**Stuur ons jul Stywe Hemde, Boordjies en Wit Broeke**

**Tevredenheid Gewaarborg.**

***Dringende Bestellings word dieselfde dag uitgevoer en afgelewer.***

**Kragstasie** **Foon 338** **Merrimanlaan.**

**DIE**
**PÊRELSE**
**STOOMWASSERY**

Kom laat die Firma wat die Beste dienste lewer u ook bedien.

**Eienaar :** **Mnr. W. Marsh.**